

12 April 2020

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



## Johannes 20: 1-18

### ons storie ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Wat was die grootste verrassing wat jy al gekry het?

### word stil

Lees Psalm 118: 1-2, 14-24

Dink na oor die (opstandings-) dag wat die Here gemaak het en wat dit vir jou beteken.

### GOD se storie wat sê die Bybel

Lees saam

### Johannes 20: 1-18

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

### GOD se storie gesels hieroor na

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Let op dat die 2 dissipels het geglo (vers 8) dat Jesus se liggaam uit die graf weggevat is (Vers 2), nie dat Hy opgestaan het nie. Hulle het nog nie verstaan dat Jesus opgestaan het nie (vers 9). Hoekom is dit so? Wat leer ons hieruit?

Waarom is dit vreemd en betekenisvol dat dit 'n vrou is wat eerste ontdek dat Jesus opgestaan het?

Wat is die betekenis van Jesus se woorde in vers 17? Waarom sou Maria Hom wou vashou?

Hoekom het Jesus nie net aan almal verskyn om te wys dat Hy opgestaan het nie?

Die opstanding het Maria se dag van hartseer na vreugde verander. Hoekom gebeur dit? Het jy dit al so beleef?

Hoe sal jy vir 'n ongelowige verduidelik waarom die Opstanding so belangrik is?

### ons nuwe storie

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.  
**Verder en Voor:**

Hierdie week gaan ek vir ... (voeg 'n naam hier in)...vertel van die opstanding en wat dit vir my beteken.

### na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

### bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

**Dank God daarvoor.**

